

Ontmoeting 24

Die son staan stil God hou die skepping in Sy hand

In die ontmoeting hoor ons van nog 'n wonderwerk en ons hersien al die wonderwerke waarvan ons vanjaar gehoor het. Al die wonderwerke bewys dat God die Skepper betrokke bly in alles wat Hy gemaak het. Die wonderwerke het al die elemente van die skepping betrek en ons sluit af met 'n aktiwiteit wat dit uitbeeld.

Teks: Ps 148, Ps 136, Josua 10

Hulpmiddels:

- 'n Pak goedkoop rekkies
- Swart karton en silwer sterretjies
- Die hulpmiddel wat in ontmoeting 1 gebruik is om die skepping op gekleurde kartonne uit te beeld.
- Goue kolle
- Verkleinde afdrukke van die skeppingskaart van ontmoeting 1
- Opsommings van die wonders
- Geel, oranje of rooi verf en papierborde



WELKOM

Rekkie oorlog

Gebruik goedkoop rekkies en laat die kinders in twee spanne verdeel en mekaar daarmee probeer raakskiet.

Raaisels:

Waarvan praat ek?

My ma het lakens wat sy nie kan opvou nie?... Wolke

Sy het juwele wat sy nie kan dra nie?... Sterre

My boetie het 'n bal wat hy nie kan skop nie ... Maan

My sussie het linte/serpe wat sy nie kan dra nie ... Reënboog

My pa het 'n lig wat hy nie kan afskakel nie... Son

Liedere: "Weet jy hoeveel sterre skitter?"

"As ek in die aand na die sterre kyk"



WYDING

Psalm 148 en 136

Die leidster roep 'n vers, kinders antwoord met "Aan Sy liefde is daar geen einde nie."

Temalied: "Ons God is 'n Wonder God" (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Speel die klanksnit, sê die woorde en doen die aksies soos by ontmoetings 20 en 21 beskryf.



WOORD

Gebruik 'n swart A4-karton. Teken of plak 'n sekelman daarop. Gee vir twee kinders elkeen 'n pakkie goue en/of silwer sterretjies en vra dat hulle dit op die karton kom plak. Gee hulle net kans om 2 of 3 op te plak en stop hulle dan. Sê daar is nie meer tyd nie.

Hulle sal hopelik pleit vir nog tyd. Onderhandel dan met hulle en sê dat hulle nog tyd kan kry, maar jy wil eers vir hulle vertel van die dag toe Josua ook te min tyd gehad het.

Wys die “ramshoring” wat julle verlede keer gebruik het. Herinner die kinders aan die groot oorwinning wat Josua-hulle oor Jerigo behaal het.

Die nuus het versprei en ander konings van ander stede het baie bang geword. Hulle het almal afgode aanbid en geweet dat die Here aan Josua se kant was. Hulle het gedink as hulle saamstaan en teen Israel veg, sal hulle wen. Een van die stede, Gibeon, het 'n vredesooreenkoms met Josua gesluit. Toe die ander konings daarvan hoor, was hulle kwaad en 5 van die konings het saamgespan om Gibeon aan te val.

Gibeon stuur toe vir Josua 'n boodskap: “Moet ons nie in die steek laat nie. Kom help ons!! Al die konings van die Bergland het ons kom aanval.” Josua het sy dapper vegters geneem en vertrek. Die Here het vir hom gesê: “Moenie vir hulle bang wees nie; Ek gee hulle in jou mag oor. Nie een van hulle sal jou kan wen nie.”

Hulle trek toe in die nag op en oorval die konings. Die Here het die 5 konings bang laat word. Hulle het begin vlug en toe het die Here dit baie hard laat hael.

Josua het gesien dat dit nou baie maklik is om die konings heeltemal te verjaag en te wen, maar daar was nie genoeg tyd nie. As dit donker word, kan hulle nie sien waarheen almal vlug nie en dan kom van die vyande weer terug. Josua het die Here om hulp gevra. Hy het regtig geglo dat die Here gaan help, daarom roep hy uit: “Son, staan stil!! Maan, staan stil!!”

Dadelik het alles gaan stilstaan. Die son het halfpad in die hemel bly staan. Hulle het die hele tyd geveg en gesien dat die son net op een plek bly vir ure en ure, amper so lank soos 'n hele dag. Almal was verbaas. Nog nooit voor dit of daarna het die Here so na 'n mens geluister nie. Die Here het gesorg dat Josua hierdie oorlog wen.

Die Here het dag en nag, son, maan en sterre, die aarde, die see, alles wat lewe, alles waarvan ons weet en nog nie weet nie, gemaak. Net Hy kon 'n dag dubbeld so lank maak.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat was vir jou mooi in die verhaal.
2. Ek wonder wat was vir jou belangrik in die verhaal.
3. Ek wonder wie sou jy in die verhaal wou wees.



WERSKAF

Werskaf dien as hersiening van God se verhaal sover.

Gee vir die kinders 'n verkleinde afdruk van die skeppings-kaart van ontmoeting 1. Gee 'n lys van die wonderwerke van God in die verhale van die jaar. Gee vir hulle goue kolle. Laat hulle die kolle plak in die deel van die skepping waar elke wonderwerk gebeur het. Bv. In die water bo en onder die “grond” vir die sondvloed, op die aarde vir Isak se geboorte, ens. God wys selfs dat HY beheer het oor dag en nag, son, maan, sterre en planete. So sien ons in die verhaal van die Bybel hoe God oor en oor bewys dat Hy die ware God is.

Opsomming van wonderwerke:

- ♦ Die vloed in Noag se verhaal
- ♦ Die wondergeboorte van Isak
- ♦ Josef se drome
- ♦ Die 10 plae: Water verander in bloed, paddas, muggies, steekvlieë, pes onder die vee, sprinkane, duisternis, hael, dood van die eersgeborenes.
- ♦ Wolk- en vuurkolom
- ♦ Die pad deur die Rooisee
- ♦ Manna en kwartels
- ♦ Water uit die rots
- ♦ Die Jordaanrivier hou op vloei
- ♦ Jerigo se mure val om
- ♦ God stuur 'n haelstorm om die 5 konings te verdryf
- ♦ Josua kry 'n ekstra lang dag om die geveg klaar te maak.

Nog 'n weskaf voorstel:

Verf 'n papierbord oranje of geel. Plak dit op 'n groot wit papier. Verf die kind se handpalm en vingers en laat hy/sy al rondom die son druk. Die handafdrukke lyk dan soos sonstrale.

Sluit af met die seënbede.

